

Moedersdag

MAMMAS IS AWESOME

Gewoonlik gee ons met Moedersdag net 'n werskaf-idee waar iets spesiaals gemaak word as 'n geskenk wat kinders vir hul ma's kan gee. Sommige groepies het dalk die behoefte om nie net besig te wees nie, maar ook 'n boodskap oor moeders saam te doen. Hierdie les is ideaal om in die week voor Moedersdag te doen.



WELKOM

My ma sê: Maak 'n lysie van die beste sêgoed wat elkeen se ma gereeld vir hulle sê. Dit sal baie oulik wees as elkeen 'n sinnetjie neerskryf. Maak 'n collage op een van die tafels en neem dit af.



WOORD

Die beste geskenk vir 'n mamma:

(Op die agterblad is 'n aktiwiteit uiteengesit: Die kinders kan kaartjies maak vir hulle mamas. Gesels met hulle oor mamas terwyl hulle besig is om die eierboksies te verf en kaartjies te versier. Die groep hoef nie stil te sit en luister nie.) Wat dink julle kan die beste geskenk wees vir julle ma's? Jy het die beste geskenk ooit wat jy vir jou ma kan gee. Die beste geskenk ooit, volgens die Bybel, is om jou ma te eer. Dit beteken om respek te hê vir haar in die huis en buite die huis voor ander mense. Dit beteken jy luister na haar, praat mooi met haar en doen wat sy vra en doen somer ekstra ook, al vra sy dit nie.

Kom ons lees Deut. 5:16: “*Jy moet jou ouers respekteer, die Here het vir jou gesê om dit te doen. Dan sal jy lank lewe en dit sal goed gaan met jou in die land wat jou God die Here vir jou gee.*” Op watter maniere dink julle kan ons nog ons ma's eer? *(Luister na al die antwoorde.)* 'n Besondere manier waarop jy jou ma kan eer, is natuurlik ook om te bid vir haar. Wie van julle bid dat die Here julle ma's en pa's moet help en veilig en gesond hou? Dit is 'n pragtige manier om hulle altwee te eer.

Ander mamas in die Bybel (terwyl julle besig is):

Ons lees nogal van baie mamas in die Bybel. Sommige van hulle het die Here gevolg; ander het nie. Hulle almal het foute gemaak en party se foute was groter as ander. Baie word onthou omdat hulle baie lief was vir God en vir hulle kinders. Kan julle dink aan 'n paar Bybelse mamas en wat hulle alles gedoen het?

(Gee 'n paar voorbeelde van mamas in die Bybel wat julle kan gebruik as die gesprek stil word. Probeer vir elkeen kans te gee om saam te gesels so tussen die werskaf deur. Help outjies wat in hul eie gesprekke betrokke raak reg deur hulle in te trek in die storie waarmee julle besig is. Vra hulle wat hulle dink of wat sou hulle voorstel.)

KORT OPSOMMING VAN BYBELSE MOEDERS (met Skrifverwysings):

Eva: Eva was die eerste vrou en mamma. Sy het 'n spesiale verhouding met God gehad totdat sy sonde gedoen het. Ons almal is gebore met 'n sondige natuur as gevolg van Eva se sonde. (Genesis 3:1-6 en Genesis 3: 20)

Hanna: Hanna was Samuel se mamma. Hy was 'n priester van Israel. Sy kon vir baie jare nie

kinders hê nie, maar het aanhou bid en smeeek by die Here. Sy het belowe om haar kind vir God te gee as sy swanger kon word. God het haar gebed verhoor en Hanna het haar belofte gehou; Samuel het vir die Here gewerk. (1 Samuel 1:10-11 en 1 Samuel 1:27-28)

Maria: Maria was die moeder van Jesus. God het haar gekies om Jesus se mamma te wees want God het iets spesiaals in haar gesien. Sy was 'n gewone meisie wat aan God gehoorsaam was in baie moeilike omstandighede. Sy het God se Woord baie goed geken. (Lukas 1:35-38)

Jogebed: Jogebed was die moeder van Moses. Toe Moses gebore is, was daar 'n bevel dat elke Hebreuse babaseuntjie doodgemaak moes word. Daarom het sy vir Moses weggesteek vir 3 maande en gehelp dat die Farao se dogter hom in die rivier kry en grootmaak. Jare later het Moses die Israeliete gered deur hulle uit Egipte te lei. (Eksodus 2:1-4)

Sara: Sara was ouer as 100 toe haar seun Isak gebore is. Sy was Abraham se vrou en het gelag toe sy die belofte hoor dat sy op haar oudag 'n kind sou hê. Sy het so ongeduldig geraak om te wag vir haar baba dat sy haar eie planne gemaak het vir 'n nageslag en dit het baie groot probleme veroorsaak. (Genesis 21:1-3 en Genesis 21:6-7)

Elisabet: Elisabet was die mamma van Johannes die Doper, wat mense voorberei het vir Jesus wat op pad was. Die engel Gabriël het vir haar man, Sagaria, vertel dat hulle op hul hoë ouderdom ouers sou word. Hy kon dit eers nie glo nie, maar dit het waar geword. Elisabet was 'n mamma wat God gevolg het. (Lukas 1:39-45)

Rebekka: Rebekka was Isak se vrou en die moeder van Jakob en Esau. Sy was 'n mooi vrou wat raakgesien is omdat sy onselfsugtig was, hard gewerk het en ander mense gedien het. Rebekka het die Here gevolg, maar het Jakob voorgetrek as haar gunsteling seun. Sy het haar witbroodjie, Jakob, gehelp om die seëning van sy broer te steel. Dit het baie probleme veroorsaak. (Genesis 24:45-46 en Genesis 27:5-11)

Naomi: Naomi was Rut se skoonma. Naomi het 2 seuns gehad wat altwee oorlede is. Dit het gemaak dat Naomi baie hartseer en bitter was. Rut wou gehad het dat Naomi se God ook haar God moet wees en daarom het sy saam met haar skoonma na haar land gereis. Daar het Naomi vir Rut gehelp om weer 'n man te kry. (Rut 1:3 en Rut 1:15-18)

Opsomming

Soos julle kan sien, was daar baie verskillende mamas. Baie van hulle het hard gewerk, was mooi, was getrou aan die Here en baie soos ons ma's. Van hulle het ook maar slegte oomblikke gehad, ook net soos ons ma's. Ons is ook mos maar nie altyd 100% goed of sleg nie, nè. Daarom is ons so bly oor wat Jesus kom doen het vir ons sondes.

Net soos Jesus al ons sonde kom vergewe het, moet ons ook ons ma's vergewe wanneer hulle nie altyd reg optree nie, want hulle vergewe ons. Kom ons sluit ook vandag af deur spesifiek dankie te sê vir ons ma's en te bid dat hulle beskerm sal wees en dat die Here hulle sal seën.

Spesiale Gebed

Here, ons bid vandag vir alle moeders, ma's, oumas en moedersfigure. Ons vier saam met hulle al hul kinders en kleinkinders: biologies, aangeneem of geestelik. Ons dank U vir wat hulle doen in ons lewens. Ons bid ook vandag vir almal wat hul ma's, oumas en vrouens verloor het, asook alle enkelpa's en ons ondersteun hulle. Maak ons ook bewus van almal wat nooit 'n ma of moederfiguur geken het nie en stuur ons om hulle te ondersteun. Ja, Here, Moedersdag beteken vir ons elkeen iets anders en ons bid dat U by elke persoon sal wees en ons sal gebruik sodat almal die liefde kan ervaar wat hulle nodig het.

Amen.



KAARTJES VIR MOEDERSDAG

Benodigdhede:

- ♥ Karton vir die kaartjies
- ♥ Gekleurde papier
- ♥ Eierboksies: Sny 'n koppie uit elke hoek; 6 per boksie
- ♥ Stukkies pypskoonmaker
- ♥ Teesakkies (verkieslik met toutjies aan; anders kan jy toutjies en kaartjies vaskram)
- ♥ Gorn en verf
- ♥ Versierings soos blommetjies, sterretjies, veertjies, plakkers
- ♥ Potlode en penne

Maak 2 gaatjies in die eierboks-koppie en steek die stukkie pypskoonmaker daardeur. Begin met die gekleurde papier en plak alles vas op die kaartjie. Maak seker dat die eierboks-koppie goed vasgeplak is. Sit die teesakkie binne-in en versier die kaartjie verder. Skryf 'n boodskappie binne-in vir Moedersdag.